# DIE GEMEENTE VAN THIATIRE

Die gemeente van Thiatire was die vierde gemeente aan wie Johannes ‘n brief moes opdra in opdrag van JaHUsha. Tans is daar niks van die stad oor nie, maar die hedendaagse Akhisar (ak-Hissar - "wit kasteel") is die plek waar eertydse Thiatire was.

Dit is 'n stad wat gestig was deur Seleucus Nicator en het aan die linkerkant van die pad van Pèrgamus op pad na Sardis gelê, 27 myl van laasgenoemde stad. Om stowwe te kleur het 'n belangrike deel van die industriële aktiwiteit van Thiatire uitgemaak, net soos dié van Kolosse en Laodicea. Dit word die eerste keer genoem in verband met Lydia, 'n Purperverkoopster. Die vernaamste godheid van die stad was **Apollo**. Daar is bewyse wat aantoon dat daar in Thiatire 'n groot samesmelting van rasse was. Daar word ook melding gemaak van ‘n vrou (**Isèbel**) wat in sekere bronne beskryf word as, die”Sambatha”. Daar word ook deur sommige beweer dat die “Sambatha” in werklikheid 'n Jood was.

Vanuit die bron: “Christ for you” ...

> *The only major threat to Christians within Thyatira may have been the trading guild. They incorporated pagan practices into their business dealings. Members of the guild were expected to participate.*
>
> *Just outside the city, within a mile or less, there was that little, seemingly insignificant shrine outside the city walls. It was the shrine of **the Sambathe** (pronounced som-both-eh), an oracle, not unlike the famous Oracle of Delphi. She was a witch, and seer, one who could glean knowledge from the gods, or a god, and pass it along to those who sought divine knowledge.*
>
> *The Sambathe was not as famous as the Oracle of Delphi. In fact, shortly after the letter to the church in Thyatira was written, the cult of Sambathe seems to have suddenly and inexplicably gone extinct. We know hardly anything about them. It is as if they were suddenly snuffed out of existence. For example, did Sambathe refer to a title of a single oracle, or did the term refer to an order of sibylline oracles who attended the shrine outside Thyatira?*
>
> *What we do know is that the Samabathe, like other oracles, would inquire of a god or the gods. In the case of the Sambathe, it was likely something related to the ancient Canaanite god Baal (pronounced bah-awl).*
>
> *By this time no one called Baal by his Canaanite name, but they were still worshipping him. Baal, like many gods, liked to stay relevant. As cultures changed with time, war, and language, so did the image and name of the gods. For example, you’re probably well aware that the Romans and Greeks had virtually the same pantheon of gods but called them different names. The Greeks’ Zeus was the Romans’ Jupiter, Artemis (Greek) was also Diana to the Romans, and Apollo was Mars, and so on and so forth.*
>
> ***Baal likely evolved into Apollo** and that was the most prominent god worshiped in Thyatira.*

Thiatire beteken iets soos “om offerandes te bring”: *“A perfume, burning incenses, sacrifice of labour”*.

In Thiatire moes almal meedoen aan afgodery **om hulle werk te kon behou**. Die feit dat daar gepraat word van "die dieptes van Satan", dui op 'n onheilige verbintenis aan geheime rites uit Babel en wat dalk reeds uit die valse Joodse "Sefer Yetshira" gekom het, die voorloper van die Kabbala. Die feit dat Isebel, wat bekend was vir die Baälgodsdiens in Israel, genoem word verwys na die feit dat daar okkulte beoefen is en bordele bedryf was.

Thiatire was 'n binnelandse stad wat aan 'n **belangrike handelsroete** geleë was. Dit was 'n **kommersiële sentrum** met baie **handelsgildes** en dit was ook die tuiste van 'n **militêre garnisoen**. Hulle **beskermende godheid** was 'n oorlogsgodin. Om deel te neem aan die plaaslike ekonomie, was dit nodig om aan een van die gildes te behoort. Hierdie gildes het jaarliks die **feeste van die afgode geborg** en derhalwe is daar **druk uitgeoefen** om te kompromitteer om daar in te pas.

Thiatire was die kleinste dorp of stad van dié wat in Openbaring 2 - 3 genoem word, maar die brief van JaHUsha aan dié gemeente was die langste van almal. Thiatire was ook die stad van die Purperverkoopster Lidia, wie se hart deur JaHUsha geopen is en wie se huisgesin gedoop is. Sy het vir Paulus en sy metgeselle gehuisves.

> Hand. 16:14 En 'n vrou met die naam van **Lídia**, 'n purperverkoopster **van die stad Thiatíre**, 'n **godsdienstige vrou**, het geluister; die Meester het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.
> Hand. 16:15 En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Meester glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.
>
> Hand. 16:40 En nadat hulle die gevangenis verlaat het, het hulle **na die huis van Lídia gegaan**; en hulle het die broeders gesien, hulle bemoedig en weggegaan.

- *(In verband met "purper", sien die volgende skakel: https://www.worldhistory.org/Tyrian_Purple/)*

Soos gesien was Thiatire dan ook die gemeente van "**die vrou Isébel**". Die gemeente in Thiatire was dus bekend vir twee vroue, naamlik Lidia en Isébel (wat waarkynlik 'n simboliese naam is).

> Open. 2:18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van Elohiem wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:
> Open. 2:19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.
> Open. 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die **vrou Isébel**, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.
> Open. 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
> Open. 2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.
> Open. 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.
> Open. 2:24 En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat **die dieptes van die Satan**, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.
> Open. 2:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.

Open. 2:26  En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,
Open. 2:27  en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
Open. 2:28  En Ek sal hom die môrester gee.
Open. 2:29  Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

In sy boeke “Om die Skrif te verstaan” en “Skriflyne”, som D.F. du Toit die Gemeente van Thiatire se historiese agtergrond sò op:

*Thiatire (Tiatira in die 1983-vertaling).*
*Die brief aan Thiatire begin met Christus (Messias) se oë wat soos ’n vuurvlam is en sy voete soos gloeiende koper. Daar was verskeie ,”vakbonde” of ”gildes” in die stad omdat dit ’n belangrike handelsentrum was. Miskien moet agter die gildes nog meer gelees word as net dat dit verenigings van vakgenote was, naamlik dat daar reeds ’n vorm van ’n geheime sataniese organisasie was. Vermoedelik was dit die Rites van Mizraim vermeng met die vroeë Joodse Kabbala, want die Jode wat uit Babel teruggekeer het, het in baie gevalle reeds die Oosterse mistiek by hulle valse geloof ingesleep.*

*Vermoedelik was dit dus ’n **geheime Broederskap** wat mekaar **in die handel kon bevoordeel**, soos die Vrymesselaars vandag nog doen.*

*Die rites van die 33 grade van die Vrymesselaars is tans nog steeds deels gebaseer op die **Joodse Kabbala.** Christus (Messias) laat skrywe aan hulle dat Hy geen ander las sal lê ”op julle wat die dieptes van die Satan nog nie leer ken het nie”, maar dat hulle moet vashou aan die suiwer leer tot die Wederkoms. Dus, al regeer hierdie Geheime Bonde, gildes of kartelle nou, eendag sal die gelowiges saam met Christus (Messias) regeer.*

*In teenstelling met die Joodse Kabbala se boom van die lewe en boom van die lig, beloof Christus (Messias) die Boom van die Lewe wat in die Paradys van God is en die ware lig, die Môrester Christus (Messias).*

*Isebel, wat haarself as ’n profetes beskou het en werklik ook ,”gepreek” het, kry die simboliese naam na aanleiding van Isebel van Agab, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, wat in Israel die Baäldiens tot ’n hoogtepunt gevoer het soos onder andere blyk uit die slagting van hulle profete toe Elia hulle ontmasker het. Daarna het Jehu haar ganse geslag uitgeroei.*

*Dit het meermale voorgekom dat vroue profeteer, d.w.s. predikers was soos die wat ons van lees in Handelinge 21:9, maar Anna was miskien die bekendste profetes omdat sy in die tempel teenwoordig was met Jesus (JaHUsha) se besnydenis en die eerste vrou was wat in die openbaar van Hom getuig het. Dit het gebeur net nadat Simeon sy dankgebed oor die Verlosser voorgedra het (Luk. 2:36).*

*Hand. 21:9  En hy het vier ongetroude dogters gehad wat die profetiese gawe besit het.*

*Luk. 2:36  En daar was Anna, 'n profetes, die dogter van Fánuel, uit die stam van Aser.  Sy was op baie ver gevorderde leeftyd en het van haar maagdom af sewe jaar lank met haar man saamgelewe;*

Die "vrou Isebel" van die gemeente van Thiatire was egter nie so 'n tipe profetes soos Anna nie, maar wel een vir die Koninkryk van Duisternis.

Dit is min of meer die geskiedkundige en geestelike agtergrond van die gemeente van Thiatire.  Vir nog inligting, sien ook ...

- THE ASSEMBLY OF THYATIRA
- THYATIRA - HISTORY

0-0-0-0-0

AndriYaH
November 2021